

**22 Maart 2020**

**Bybelstudie NG Kerk Lambton-Germiston**

**Teks: 1 Samuel 16:1-13**

Inleiding:

Dit is duidelik dat ons in n vreemde tyd leef, in 'n tyd waar ons vasgevang word in onsekerheid, wat op die ou end lei na vrees. Die doel van hierdie Bybelstudie vandag is dat ons ten midde van onsekerheid en vrees hoop sal ervaar deur oop te bly vir die leiding van die Here en na die Here te bly luister.

Daar is verskillende maniere waarop die Bybelstudie hanteer kan word maar dis op so n manier geskryf dat dit in n groep of as individu gebruik kan word, in die geval dat dit in 'n familie of groep geles word wil ek vra dat die voorganger egter eers self een keer daardeur lees om die oordrag te vergemaklik.

Alles in die Bybelstudie hoef nie gebruik te word nie, bv. Die geloofsbelydenis kan slegs deur die voorganger geles word, dit kan deur die groep saam geles word of sou die voorganger so besluit kan dit heeltemal uitgelaat word.

Liturgiese aspekte om te onthou:

Ons bereik die halfpadmerk van die seisoen se liturgiese reis waartydens ons oor Jesus se lyding dink. Op ons reis is ons toeskouers by die geleentheid van Dawid se aanwysing as koning (1 Sam 16). Ons dink ook aan hoe Dawid in die tempel sit en terugdink aan beter dae, dae van rus en vrede, wanneer hy Psalm 23 skryf. Dit getuig van die lig van liefde wat in God is. In en deur God se liefde sou Christus later 'n man wat blind gebore is genees, terwyl die nagdonkerte van die Joodse sinagoge God se lig probeer donker maak (Joh 9). Daarom is die uitnodiging van die liturgie: Leef nou as mense van die lig (Ef 5).

Geloofsbelydenis:

Ons geloof en die sekerheid wat dit bied, kom nie voort uit vlees en bloed nie.

Dit kom met ander woorde nie uit natuurlike kragte in onself nie, maar is die inspirasie van die Heilige Gees wat ons as God bely; as gelyke van die Vader en van sy Seun.

Dieselfde Gees wat ons heilig, en ons deur sy werk in alle waarheid inlei en sonder wie ons vir altyd vyande van God sal bly, onbewus van sy Seun, Christus Jesus.

Die Gees van die Here Jesus maak lewend wat dood is, neem die donkerte van ons verstand weg en buig ons weerstandige harte tot gehoorsaamheid aan sy wonderlike wil.

## Samuel salf 'n ander koning

1 Die Here het vir Samuel gesê: “Hoe lank gaan jy nog oor Saul treur nadat Ek hom as koning oor Israel verwerp het? Maak 'n horing vol olie en gaan na Betlehem toe! Ek stuur jou na Isai toe, want onder sy seuns sien Ek vir My 'n koning.”

2 Samuel vra toe: “Hoe kan ek gaan? As Saul dit hoor, sal hy my doodmaak.”

En die Here sê vir hom: “Neem 'n vers saam en sê: ‘Ek het gekom om vir die Here 'n offer te bring.’

3 Nooi dan vir Isai na die offer toe. Ek sal jou mededeel wat jy moet doen. Salf vir My dié een wat Ek jou sal beveel.”

4 Samuel het gedoen wat die Here gesê het. By sy aankoms in Betlehem het die leiers van die stad hom ontsteld tegemoet gekom en gesê: “Kom u in vrede?”

5 En hy het gesê: “Ja. Ek het gekom om vir die Here 'n offer te bring. Reinig julle en kom saam met my na die offer toe.”

Hyself het vir Isai en sy seuns gereinig en hulle na die offer toe genooi.

6 Toe hulle inkom, het Samuel vir Eliab gesien en gedink: die gesalfde van die Here staan hier voor die Here.

7 Maar Hy sê vir Samuel: “Moenie na sy voorkoms of sy buitengewone lengte kyk nie, want Ek het hom nie gekies nie. Die Here kyk nie na dieselfde dinge as die mens nie. Die mens kyk na die uiterlike, maar die Here na die innerlike.”

8 Toe roep Isai vir Abinadab en laat hom voor Samuel verbygaan en hy dink: die Here het ook hierdie een nie gekies nie.

9 Daarna het Isai vir Samma laat verbygaan, maar Samuel het gedink: die Here het ook hierdie een nie gekies nie.

10 Nadat Isai sewe van sy seuns voor Samuel laat verbygaan het, sê Samuel vir Isai: “Die Here het nie een van hulle gekies nie.”

11 Daarop het Samuel vir Isai gevra: “Is dit al jou seuns dié?” En hy het geantwoord: “Die jongste is nog oor, maar hy pas nou skape op.”

Toe sê Samuel vir Isai: “Laat haal hom, want ons eet nie voordat hy hier is nie.”

12 Isai het hom laat haal. Hy het 'n rooi gelaatskleur gehad, mooi oë en 'n goeie voorkoms.

Toe sê die Here: “Staan op, salf hom, want dis hý.”

13 Samuel het die horing met olie gevat en hom voor sy broers gesalf. Die Gees van die Here het van daardie dag af kragtig in Dawid gewerk. Daarna het Samuel klaargemaak en na Rama toe teruggegaan.

In hierdie vierde week van Lydenstyd, kry ons te doen met die verhaal van twee van Israel se konings. Samuel kry die opdrag om 'n nuwe koning te gaan salf omdat koning Saul nie die koning is wat die Here gehoop het hy sal wees nie. Dit is 'n verhaal van die onwaarskynlike, van hoe die Here op onverwagse maniere vir sy volk sorg en voorsien.

### **Interessantheide in die Teks**

In 1 Samuel 16:1 sê die Here vir Samuel: “... onder sy seuns sien Ek vir My 'n koning.” Idiomaties vertel hierdie sin dat God “omgesien” het na sy volk om nou reeds te sien dat hulle 'n nuwe koning nodig het. Dit handel oor God se voorsienigheid vir sy volk. Die uitdrukking “om te sien,” bied die sleutel tot hierdie verhaal. Nog voordat die volk weet dat hulle 'n nood het, sien God dit reeds raak.

Maar ons kom voor 'n kontras tussen “hoor” en “sien” in hierdie verhaal te staan. Dit wat Samuel sien en by die Here hoor, stem nie met mekaar ooreen nie. Die kontras of spanning wat ontstaan, is die gevolg van Samuel wat op sy menslike sig sintsig staatmaak en God wat iets anders aan hom spreek.

1 Samuel 16:7 stel ons voor 'n teenstrydigheid in die verhaal. God sê vir Samuel om nie na die uiterlike voorkoms van Eliab te kyk en hom daarvolgens te beoordeel nie. Uiteindelik kom Dawid egter in vers 12 op die toneel. Die eerste ding waarop die skrywer let, is Dawid se uiterlike voorkoms: “Hy het 'n rooi gelaatskleur gehad, mooi oë en 'n goeie voorkoms.” Selfs al is dit die enigste beskrywing wat ons van Dawid kry – hoe hy uiterlik lyk – gee die Here vir Samuel die opdrag om Dawid te salf.

Nog 'n interessante woord uit die teks om op te let, is die woord wat in vers 1 as “treur” vertaal word. Samuel treur omdat sy jare lange vriend en koning, Saul, deur die Here verwerp word as koning omdat hy nie optree op die manier waarop die Here en Samuel gehoop het hy as koning sou optree nie. Hierdie woord vir “treur” is dieselfde woord wanneer iemand treur oor iemand wat afgesterf het. Daar word dus verlies voorstel.

In verse 1 en 13 het ons te doen met die olie en Dawid se salwing. Soms is priesters en profete gesalf, maar in alle gevalle is konings gesalf. Daar word ook na konings as “gesalfdes” of “die gesalfde een” verwys. Hierdie term verwys uiteindelik ook na die “Messias”. Dit is belangrik om in die verhaal van Dawid ook te onthou dat Jesus Christus uit hierdie “onaansienlike” familie van Dawid gebore is.

## Konteks

Hierdie verhaal speel af in die tyd van Koning Saul as koning van Israel. Die Here en die profeet Samuel is egter hartseer oor Saul. Hy het ontaard in 'n tragiese karakter. In Samuel 15 sê God dat Hy jammer is dat Hy Saul koning gemaak het.

In hierdie tyd stuur die Here vir Samuel om 'n nuwe koning te gaan salf. Wanneer Samuel bang is om hierdie opdrag uit te voer, omdat hy bang is Saul – wat nog koning is – sal dalk uitvind dat hy 'n nuwe koning gaan salf, verskuil die Here die werklike rede vir Samuel se besoek aan Isai.

Wanneer Eliab opdaag, is Samuel oortuig daarvan dat hierdie oudste seun van Isai die verkose koning moet wees. Alles van hom dui die toekoms van 'n koning aan. Vinnig kom ons egter agter dat die Here nie na dieselfde eienskappe as mense kyk nie. Die Here kyk dieper as die oppervlak – anders as mense se eerste indruk. Die Here wil onder andere weet hoe ons saam met mense kan huil en bid. Hy wil weet of ons 'n passie het vir geregtigheid en 'n hart vir verdwaaldes. Om hierdie rede vra die Here van Samuel om nog nie met sy soektog vir 'n koning onder Isai se seuns op te hou nie.

Uiteindelik kom al Isai se seuns wat op daardie oomblik tuis is voor Samuel verskyn, maar nie een van hulle word deur die Here aangewys as die een wat deur Samuel as koning gesalf moet word nie. Daar is 'n hele paar seuns wat Samuel as goeie kandidate beskou (op grond van hoe hulle lyk). Uiteindelik moet Samuel egter vir Isai vra of hy nie nog 'n seun het nie. Isai antwoord: “Daar is die jongste.” Hy gee nog nie eers die seun se naam nie, so onwaarskynlik en onbelangrik word hierdie seun geag. Uiteindelik word hy tog geroep. Wanneer hy (ons ken steeds nie sy naam nie) opdaag, ruik hy waarskynlik nie goed nie en is hy waarskynlik ook vuil omdat hy pas uit die veld kom waar hy sy pa se skape oppas.

Wanneer hierdie seun voor Samuel verskyn, hoor hy by die Here dat dít die seun is wat hy tot die koning van Israel moet salf – ongeag hoe hy lyk, of hy nou vuil is of nie. Dit is nie die uiterlike wat die Here beïndruk nie, maar Dawid se hart wat vir die Here wys dat hy 'n koning is. Hiervoor moet Samuel nie op sy menslike logika vertrou nie, maar op die wysheid en leiding van die Here.

Uiteindelik sal ons leer dat daar beduidende verskille tussen Saul en Dawid is. Saul het indrukwekkend gelyk, maar het as koning uiteindelik nie beïndruk nie. God is veel meer geïnteresseerd in die nuwe koning se hart en karakter – wat God lief het en dien.

Dawid word uiteindelik Israel se mees besondere koning.

Dit is interessant dat 'n skaapwagter in die Ou Nabye Ooste juis die simbool van 'n koning was. Om hierdie rede sou die lesers uit hierdie omgewing die verhaal waarskynlik ironies kon vind. Die een wat onwaarskynlik sou lyk vir sy rol as koning, was in werklikheid reeds besig om hierdie roeping te vervul. Die Saul wat oorspronklik deur Samuel tot koning van Israel gesalf is, is dood. Die man wat nou as koning regeer, was in werklikheid iemand anders.

### **Vrae vir bespreking:**

1. Dalk is ons ook soms treurig oor wat ons in ons lewe verkeerd gedoen het, of selfs net ons huidige omstandighede, soos wat Samuel en die Here oor Saul was. Waaroor treur jy op die oomblik?

(Vir die voorganger: moontlike antwoorde kan huidige omstandighede insluit, soos om nie uit die huis te kom nie, verhoudings wat slegs op lang afstand plaasvind, die kerk dienste wat tyd en wyl opgeskort is, maar kan ook meer persoonlik wees)

2. Alhoewel Samuel treur, eindig die verhaal van Samuel in blydschap, hoekom?

(Vir die voorganger: Alhoewel Samuel se sintuie hom een ding wys, luister hy tog na die stem van God en tree eerder daarvolgens op)

3. Jesus lyk ook na die mees onwaarskynlike. Hy is die Seun van alledaagse, onbelangrike mense, in 'n stal. Regdeur sy lewe word Hy verwerp en uiteindelik as misdadiger tereggestel. Hierdie onwaarskynlike agterkleinkind van Israel se mees onwaarskynlike koning is uiteindelik die Christus wat al ons swaarkry en trane in vreugde verander. Ook dit doen Hy op verrassende maniere. Hoe tree God verrassend op in ons huidige omstandighede?

(Vir die voorganger: Dink maar net aan hoe mense mekaar in ons huidige omstandighede begin help en bystaan, families wat bymekaarkom, ouers wat hul kinders by die huis onderrig, mediese personeel wat mense bystaan en meer, vra dalk of is dit God wat deur mense werk?)

4. Hoe sluit ons aan by die werk van God?

(Vir die voorganger: Miskien dink ons oor onself ook as mense van wie dit onwaarskynlik is om ander se hartseer in vreugde te verander. Dan is dit dalk juis nou die tyd om die Here te vertrou om onverwagte dinge deur sy onwaarskynlike volgelinge te laat gebeur.)

5. In ons hedendaagse samelewing maak ons ook baie staat op wat ons kan sien soos Samuel het, maar wat kan ons doen deur die week om die stem van God te hoor?

(Vir die voorganger: Vertrou daarop dat ons na die Here sal luister om ons te lei voor ons n besluit maak, ons kan dit doen deur middel van stiltetyd te hou en af te sonder soos Jesus ook baie maal gedoen het, ons kan dit doen deur met ons families tyd te spandeer, ons kan dit doen deur Christelike musiek te luister, ons kan dit doen deur gebed. Kyk na geloof dissiplines op volgende bladsy)

**Gebed:**

Hemelse Vader, dankie dat ons kan vertrou dat U reeds besig is, dat U ons reeds raaksien, al voel dit nie altyd so nie en dat U reeds besig is op maniere wat ons nie altyd kan sien nie. Beskerm die vir wie ons lief is, hou ons veilig en leer ons om in vertrou op te tree elke dag en na U stem te luister, selfs wanneer ons oë ons in die steek laat. Amen

**'n Seën wat ons oor mekaar kan uitspreek:**

Mag God jou seën tot ons mekaar weer kan omhels!

**Geloof dissiplines wat mense kan help in 'n tyd soos hierdie (wat ook lydenstyd is).**

1. Afsondering [solitude] i.p.v. isolasie – help mense om dié geloof dissipline te herontdek. Jesus het gereeld na 'n plek toe gegaan om alleen te wees.
2. Vas i.p.v. opgaar – dit is 'n ideale tyd om ons verbruik te evalueer en doelbewus te verminder en van sekere kosse en items te vas.
3. Gebed – Bid vir ons families, ons land en ons dienste soos mediese sorg.
4. Stilte – dis 'n tyd waar ons almal angstig wag, vir nuus en vir mediese oplossings, help mense om die wag ook te verstaan as 'n wag op die Here waar ons, ons vertrou op hom plaas.
5. Sang – musiek is in hierdie tyd ook 'n vorm van gebed en troos en terapie. Bv. soek op platforms soos YouTube, Spotify, Deezer ens 'n mooi weergawe van 'n bekende loflied en sing saam dit.
6. Offervaardigheid – dis so belangrik om te verstaan dat ons almal ekonomies swaarder kry. Dis nou die tyd om 'n mededeelsame ekonomie te help groei. Daag mense om weekliks by te dra vir mense of sake wat geraak is deur die pandemie.
7. Hoop – leef daaglik opnuut vanuit die hoop in Christus. Hoop dissiplineer jou om nie paniekerig of afsydig teenoor die nood te staan nie.
8. Verantwoordelikheid – neem verantwoordelikheid in hoe jy dag tot dag met ander omgaan.